GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JUNIE-EKSAMEN
GRAAD 12

2025

NASIENRIGLYNE

AFRIKAANS
EERSTE ADDISIONELE TAAL

(VRAESTEL 1)

13 bladsye

AFDELING A: LEESBEGRIP

ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. Penalisering geskied slegs as dit die woordbetekenis verander.
- By oop vrae word GEEN punt toegeken vir JA/NEE; EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE; WAAR/ONWAAR en FEIT/MENING nie.
- Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE; EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.
- Antwoorde wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.
- Waar eenwoord-antwoorde/twee opeenvolgende woorde gevra word en die kandidaat ’n volsin gee, is dit korrek **MITS** die korrekte woord/woorde onderstreep is of op een of ander wyse uitgelig is. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord/woorde is ...
- By vrae wat een feit/punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee ’n hele reeks, sien SLEGS die eerste een of twee (afhangend van die vereiste getal feit(e)/ punt(e) gevra) na. Indien die feit(e)/punt(e) met kolpunte aangedui is, word die eerste antwoord(e) per kolpunt nagesien.
- Indien ’n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne direk lei tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvolle Afrikaans is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

VRAAG	ANTWOORD		PUNT	DV
1.1	Santa Shoebox Project ✓		(1)	1
1.2	Debbie/ Debbie Zelezniak ✓		(1)	1
1.3	"landswyd" ✓ *(Aanhalingstekens is nie verpligtend nie.)*		(1)	1
1.4	• Dit beteken dat iets nie baie duur is nie. • Dit beteken dit is goedkoop. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*		(1)	3
1.5	• Hulle kyk na die nood. ✓ • Hulle kyk na die kinders wat min of niks het a.g.v. hulle omstandighede. ✓		(2)	1
1.6	1.6.1	tydperk	(1)	3
	1.6.2	Tydens die eerste ses maande beplan hulle die projek vir die Santa Shoebox. ✓ Die ander ses maande lei die groep wonderwerkonderwysers op, bou skole en rig leeshoekies op. ✓	(2)	3
1.7	• Santa shoebox project/projek/ Skoenboks projek/skoendoos projek ✓		(1)	2
1.8	• Dit saai vreugde. ✓/ • Dit bou gemeenskappe op. ✓		(1)	1
1.9	1.9.1	konnotatief ✓	(1)	4
	1.9.2	Die konneksie word gemaak met die vreugde en geluk soos wat hulle die bokse oopmaak./ Vreugde is nie 'n saad wat gesaai kan word nie. *(Interakfhanklike vraag: 1.9.1 MOET korrek wees om 'n punt te verdien vir 1.9.2.)* ✓	(1)	4

1.10	18 jaar/agtien jaar ✓ *(Enige EEN)*	(1)	1
1.11	• Dit bestaan uit die SSP Legacy, ✓ • en die skoenboksprojek. ✓	(2)	3
1.12	Tienduisende kinders ✓	(1)	1
1.13	• D • daaraan gewoond om tweedehandse goed te kry *2(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	(1)	3
1.14	• seep • tandeborsel • 'n waslap • tandepasta • opvoedkundige items • 'n kledingstuk • lekkers • 'n speelding • Enige iets ekstra wat in 'n skoenboks kan inpas. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	(1)	3
1.15.	"minderbevoorregte kind"	(1)	3
1.16	Ja Sy help mense/kinders wat sukkel in die lewe. OF Nee Sy help net kinders en nie grootmense nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	(1)	5
1.17	• Adverteer die projek meer, min mense weet van die projek. • Kry meer borge by die projek betrokke. • Gebruik sosiale media om die projek te bemark. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* **Enige antwoord wat die projek sal verbeter*	(1)	5
1.18	Ja		
	• Beide die skenkerkinders en die minderbevoorregte kinders trek voordeel uit die projek. *(Slegs die motivering verdien die punt)*	(1)	4
1.19	Nee	(1)	3

	• Kinders is minderbevoorreg en sal meer gereeld items soos skoene of tandepasta nodig hê. • Die items in die boks gaan nie die hele jaar lank hou nie. • Die skoenboks se inhoud gaan net 'n klein rukkie hou. (Enige EEN of soortgelyk. Slegs die motivering verdien die punt.)		

TEKS B: SPOTPRENT					
1.20	• Die spotprent gaan oor kultuur en erfenis, ✓ braai word gesien as deel van 'n kultuur. ✓/ • Braai is deel van die erfenis ✓ wat oorgedra word aan die volgende generasie. ✓ *(Of soortgelyk)*			(2)	3
1.21	• Braai/ • Bier drink/ • Rugby ondersteun/kyk *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*			(1)	2
1.22	1.22.	• Sout en Peper/ Sout/peper✓		(1)	2
	1.23	• Om te beklemtoon hoe baie die man van sy kultuur en erfenis hou. • Dit beklemtoon hoe belangrik kultuur en erfenis vir hom is. *(Of soortgelyk)*		(1)	3
	1.24	• Hy is bereid om elke dag braaivleis te eet. • Hy hou so baie daarvan dat hy elke dag wil braai. • Hy glimlag / lyk gelukkig. • Sy maag is groot. • Erfenisdag is ook Nasionale braaidag • Hy braai op 'n groot braaier *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*		(1)	4
			TOTAAL AFDELING A:	**30**	

OPSOMMING: KOGNITIEWE VLAKKE/DENKVLAKKE: VRAAG 1

	VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
VRAESTEL	9	3	12	4	2
	12/30 ✓		12/30	6/30	
	40%		40%	20%	

AFDELING B: OPSOMMING

ASSESSERINGSRIGLYNE

ALGEMEEN

Nasien van die opsomming

Die punteverspreiding word soos volg gedoen:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaalpunt: 10
- **Die verspreiding van punte (TAAL) indien die kandidaat nie net aangehaal het nie. (Eie sinne is gebruik.):**
  - 1 – 3 korrekte feite: 1 punt
  - 4 – 5 korrekte feite: 2 punte
  - 6 – 7 korrekte feite: 3 punte
- **Punteverspreiding vir taal indien kandidate direk uit die teks aangehaal het:**
  - 6 – 7 korrekte aanhalings: geen punte
  - 4 – 5 korrekte aanhalings: 1 punt
  - 2 – 3 korrekte aanhalings: 2 taalpunte

Voorbeeld van puntetoekenning (sonder aanhaling)	Met aanhaling:
Feite: 3	Feite: 3 (3 aanhalings)
Taal: 1	Taal: 2

LET WEL:

- Nasieners moet die aantal woorde tel om dit te verifieer.
- Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nie die aantal woorde aangedui het, of verkeerd aangedui het nie.
- Indien die aantal woorde oorskry word, sien die nasiener net na tot by 75 woorde en die res word deurgetrek/geïgnoreer.

Spaar so agter die stuur (246 woorde)	
DIREKTE AANHALING	**MOONTLIKE EIE WOORDE** (70 woorde)
Ry egalig, voet liggies op die versnellerpedaal, en moenie onnodig hard rem nie, beklemtoon Layton. Hoe vinniger jy versnel, hoe meer petrol gebruik jy. **Trek dus stadig en geleidelik by verkeersligte en stopstrate weg.**	1. Ry egalig, en moet nie onnodig hard rem en vinnig versnel nie./ (12) Trek geleidelik weg by verkeersligte en stopstrate. (7)
Amerika se Union of Concerned Scientists sê **as jy 'n spoed van so 100 km/h in plaas van 120 km/h handhaaf, kan jou petrolverbruik met tot 20% daal.**	2. 'n Gemiddelde spoed van 100km/h laat petrolverbuik daal. (8)
Skakel oor na 'n hoër rat sodra jou enjin dit toelaat, want jy gebruik meer petrol in laer ratte. Jy kan ook ratte oorslaan. Gaan byvoorbeeld direk van eerste na derde rat.	3. Skakel oor na 'n hoër rat, omdat jy meer brandstof in laer ratte gebruik. (14)
Om jou revolusies onnodig hoog te laat hardloop vreet petrol. Motoriste trap dikwels die versneller tot 3 000 omwentelings per minuut of meer wanneer hulle na 'n hoër rat verwissel, terwyl 2 500 in 'n petrol- en 2 000 in 'n dieselmotor voldoende is.	4. Om jou enjintoere hoog te laat hardloop, gebruik baie brandstof. (10)
Beplan jou reis sodat jy die kortste roetes volg en dié met baie kruisings en voetgangers vermy.**Vermy so ver as moontlik spitstye en swaar verkeer, benadruk Layton.** Jy kan verkeersverslae en Google Maps monitor om verkeersknope te probeer vermy.	5. Beplan jou reis, sodat jy kort roetes volg./ (8) Jy moet spitstye en verkeersknope vermy. (6)
Momentum is jou vriend: Let op na die verkeer 'n paar honderd meter voor jou en bestuur oordeelkundig sodat jy aanhoudend beweeg in plaas daarvan om aanhoudend te stop en weg te trek. Wanneer jy 'n rooi verkeerslig nader, kan jy stadiger ry sodat dit na groen oorslaan voor jy daar kom.	6. Gebruik momentum tot jou voordeel. (5)
Probeer soveel moontlik dinge in een rit afhandel, in plaas van kort-kort vir een of twee items winkel toe te ry.	7. Beplan jou rit om soveel moontlik dinge in een rit af te handel. (13)
	TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL
ALGEMENE NASIENRIGLYNE

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig uitgeskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

VRAAG 3

TEKS D: ADVERTENSIE

VRAAG		ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	DV
3.1	3.1.1	• "JOU" • Lesers wat ipads/skootrekenaars/telefone besit/toegang daartoe het/weet hoe om dit te gebruik. • Lesers/Mense wat Afrikaans lees/daarvan hou om in Afrikaans te lees. • Lesers wat van lees hou. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	(1)	2
	3.1.2	Mense wat uit die teikengroep gesluit mag wees, is mense wat ... • nie daarvan hou om in Afrikaans te lees nie. • nie daarvan hou om tydskrifte digitaal te lees nie/'n harde kopie verkies. • nie geld het om tydskrifte te koop nie/te arm is om tydskrifte te koop/dit as 'n luukse sien. • nie elektroniese toestelle besit nie/toegang tot die internet het nie. • nie genoeg tyd het om te lees nie. • nie hou van lees nie. • nie Afrikaanse mense is nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	(1)	4
3.2		• "Slegs" R99 per maand/R99 per maand is nie duur nie. • 15 (Vyftien) tydskrifte kan gekry word. • "Gunsteling" tydskrifte. • Die foto's wys hoe die digitale tydskrifte lyk. • Dit is maklik om dit op enige van die toestelle (foon/selfoon/ rekenaar/skootrekenaar/iPad/Kindle) te lees. • Registrasie is maklik en vinnig./Registreer maklik en vinnig. *(EnigeTWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*	(2)	2

3.3	selfone (sp)		(1)	1
3.4	• Die foto's wys hoe die digitale tydskrifte lyk. • Dit wys hoe maklik/gerieflik dit is om dit op enige van die toestelle (foon/selfoon/rekenaar /skootrekenaar/iPad/Kindle) te lees/of om op enige plek waar jy jouself bevind te kan lees. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*		(1)	3
3.5	blits**vinnig** (sp) ✓		(1)	1
3.6	3.6.1	• Registreer maklik en vinnig • Lekker leesgenot word gewaarborg (Vier opeenvolgende woorde) ✓	(1)	3
	3.6.2	• Daar is geen feite/bewyse dat almal lekker gaan lees nie. • Alle mense hou nie van lees nie. • Mense wil nie die digitale weergawe van 'n tydskrif lees nie. • Nie almal geniet dieselfde leesstof nie. • Mense wat sukkel met die gebruik van rekenaars. • Dit is nie op navorsing gebaseer nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	(1)	2
3.7	• Die advertensie gee kontakbesonderhede. • Die advertensie noem dat hulle kliëntediens gekontak kan word (vir vrae/kommentare/om te kla). *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*		(1)	2
			[10]	

Blooms: Vlak 1 – 6						Vraag 3	
Vlak	1	2	3	4	5	6	TOTAL
Punt	2	5	2	1			10
	2/10	5/10	2/10	1/10			
Persentasie							

VRAAG 4 TEKS E: STROKIESPRENT				
VRAAG	**ASSESSERINGSRIGLYNE**		**PUNT**	**DV**
4.1	4.1.1	• Neelsie en sy skoolmaat sit by lessenaars/banke/ skoolbanke. • Hulle dra skoolklere. *(Enige EEN)*	(1)	2
	4.1.2	om 'n plan te maak ✓	(1)	1
	4.1.3	Neelsie ... • druk met sy arm/hand/op die tafel (om op te staan). • lyk asof hy gereed is om op te staan. • lyk asof hy besig is om op te staan. • lyk asof hy nader aan sy skoolmaat leun. • kyk na sy maat terwyl hy gesels.. *(Enige EEN)*	(1)	2
4.2	Dit skep afwagting/spanning/stres. ✓/Dit lei na die volgende raampie/Sy woorde is nie klaar gepraat nie/maak gereed om die onderwyser te gaan vra.		(1)	1
4.3	4.3.1	dronk. ✓	(1)	1
	4.3.2	• A • woedend ✓ • A woedend *(Enige EEN)*	(1)	2
	4.3.3	• Die spraakborrel se letters is groot en/of vetgedrukte letters. • Daar is twee vraagtekens en 'n uitroepteken. • Meester frons. • Meester se mond is groot oop/Hy skree. • Die leser kan Meester se tong sien want hy skree so hard. • Meester se hare staan regop • Sy oë is kwaai *(Enige TWEE of soortgelyk)*	(2)	2
4.4	'n Leerder wil sy onderwyser se kar leen, maar... • onderwysers onderrig jou/leer jou oor 'n spesifieke vak, hulle leen nie hulle kar vir jou nie. • dit is onvanpas om so iets vir jou onderwyser te vra. • 'n leerder is veronderstel om vrae oor die inhoud van die werk te vra, nie vir 'n kar nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*		(1)	5

4.5	Werk Neelsie se plan uit?	(1)	1
		[10]	

Blooms: Vlak 1 – 6					Vraag 4		
Vlak	1	2	3	4	5	6	TOTAAL
Punt	4	5			1		10
	4/10	5/10			1/10		
Persentasie							

VRAAG 5
TEKS F: ARTIKEL

VRAAG		ASSESSERINGSRIGLYNE	PUNT	DV
5.1	**TEKS F: ARTIKEL**			
	5.1.1	men**se** (sp) ✓	(1)	1
	5.1.2	geskik**te** (sp) ✓	(1)	1
	5.1.3	oor – ge – plant / oor + ge + plant / oor/ge/plant (sp) ✓	(1)	1
	5.1.4	Die doelwit is **om** bewustheid **te skep.** ✓ (Die hele sin moet korrek oorgeskryf word.)	(1)	3
	5.1.5	Sy beklemtoon hoe belangrik bewusmaking is**, want** mense moet as skenkers registreer. ✓ (As die komma nie daar is nie, is die antwoord verkeerd.)	(1)	1
	5.1.6	Jy moet vir naasbestaandes sê dat **hulle jou** (✓) wense **moet** respekteer (✓).	(2)	3
	5.1.7	orgaan**skenker** ✓ (sp)	(1)	1
	5.1.8	by ✓	(1)	1
	5.1.9	Bel/bel (sp) ✓	(1)	1
	5.1.10	meer (sp) ✓	(1)	1
	5.1.11	Kaart**jie** (sp) ✓	(1)	1
	5.1.12	sewe (sp)	(1)	1
	5.1.13	Ouderdom is **nie** 'n faktor **nie.** ✓	(1)	1

VRAAG	ASSESSERINGSRIGLYNE		PUNT	DV
5.2	**TEKS G: PRENT**			
	5.2.1	Fiksheidshorlosies **word deur** mense **ge**dra. ✓	(1)	3
	5.2.2	Jy moet daagliks na oefening jou fiksheidshorlosie afhaal. ✓ (Woordorde)	(1)	1
	5.2.3	Fiksheidshorlosies **kon** jou vel irriteer/ Fiksheidshorlosies **kon** jou vel **ge**ïrriteer **het**. ✓	(1)	1
	5.2.4	aktie**we** (sp) / fluk**se** / besig**e (sp)** ✓	(1)	1
	5.2.5	Mense prys die held vir sy dapperheid./ Die item het nie ’n prys op nie, wat kos dit? ✓ (Enige voorbeelde waar prys as HOMONIEM gebruik is.)	(1)	3
	5.2.6	Draw**wers**/Atlete/Sportmanne/Sportvroue. Hardlopers✓	(1)	1
			[20]	
		Blooms: Vlak 1 – 6 Vraag 5 **Vlak** 1 2 3 4 5 6 TOTAL **Punt** 15 5 20 15/20 5/20 **Persentasie**		
		TOTAAL AFDELING C:	**40**	
		TOTAAL:	**80**	